

Van Rooy, H F, Bruwer, E, Vorster, S W & Pieterse, A J H 1997 — Ontwikkeling: Armoede, tegnologie en die omgewing

IRS-Studiestuk 351. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie, PU vir CHO. 87 bladsye. Prys: R35-00 ledegeld, 12 studiestukke ingesluit.

Resensent: Dr Johann Beukes

Studiestuk 351 van die Instituut vir Reformatoriese Studie handel oor die verhouding tussen armoede, tegnologie en die omgewing met betrekking tot die ontwikkelings- of vooruitgangsvraag. Dit kan aanvaar word dat hierdie vraagstelling in die eietydse kultuurfilosofie en maatskappykritiek deurgetrap is, veral met betrekking tot die werksaamhede van die Frankfurtse Skool in die dertigerjare, Neo-Marxistiese eksponente vanuit die Verenigde State van Amerika in die sestigerjare en die strukturalisme en post-strukturalisme in Frankryk in die sestiger- en sewentigerjare. Dit is ook vanselfsprekend dat die sosiologie en demografie breed aan hierdie probleem aandag skenk. Die vraagstelling as sodanig is dus glad nie nuut nie.

Maar binne die konteks van 'n brose demokratiese bestel in Suid-Afrika, waar werkloosheid en uiterste armoede onder die grootste deel van die bevolking aan die orde van die dag is, kan hierdie vraag tereg (en dan ook teologies) oorvra word. Ons bevind ons sonder twyfel in 'n onderontwikkelde land: indien daar wel sprake is van strukturele en infrastrukturele ontwikkeling, is dit nie sigbaar nie. Die redes hiervoor is uiteenlopend en kompleks: dit staan egter vas dat die grootste deel van die bevolking vir geslagte lank doelbewus buite die konteks van geïnstitusionele ontwikkeling gehou is. Sonder om die probleem onnodig te vereenvoudig, meen ek dat ons nie anders kan as om toe te gee dat die ideologie van apartheid onmeetbare ekonomiese ellende onder die grootste deel van die bevolking tot gevolg gehad het nie. Die huidige regering se *Reconstruction and Development Programme* se oorsprong en missie kan daarom as bykans onafwendbaar aanvaar word.

Vanuit die reële werklikheid van burgerlike en instusionele verval in eietydse Suid-Afrika dokumenteer vier medewerkers hulle menings oor hierdie saak. Hierdie vier bydraes word gebind deur die feit dat dit die vooruitgangsvraagstuk, soos wat van 'n PU-publikasie verwag sou kon word, vanuit sogenaamde *Christelike perspektief* aanspreek. Hierdie perspektief en invalshoek is die skrywers se goeie reg en daarom gaan ons nie verder daarop in nie, alhoewel benadruk kan word dat iemand wat buite die Christelike wetenskapstradisie staan, van meet af aan hiermee kritiese ongemak sal beleef. Die indwing van 'n Reformatoriese perspektief in elk van die bydraes doen in ieder geval geforseerd aan, veral in die laaste twee (uitstekende) bydraes. In werklik goeie wetenskap (soos in die laaste twee bydraes) lyk 'n sogenaamde Christelike perspektief maar ontuis. Die leser het dus geen keuse nie as om die bydraes te waardeer binne die ideologiese konteks van die Christelike wetenskapsleer. Dan sou gesê kon word dat al vier werkstukke minstens lesenswaardige bydraes is, gemeet aan hierdie eiesoortige ideologiese oorsprong en gerigtheid.

- * Prof H F van Rooy, tekswetenskaplike van Potchefstroom, bespreek die implikasies van die sogenaamde Bybelse kultuurmandaat in Genesis 1:28 en 2:15 ('Bewoon, bewerk, beheers en bewaak') toegepas op die ontwikkelingsvraagstuk. Binne die konteks van die Christelike wetenskapsleer sal dit waarskynlik as 'n goeie prinsipiële bydrae beskou word. Van Rooy hou hom eksplisiet en implisiet by die reëls wat vir hom geld en sê niks gewaagd nie. Dit het ongelukkig die gevolg dat die werkstuk argumentatief voorspelbaar is en nie 'n vreeslik opwindende leeservaring meebring nie.
- * Ds E Bruwer van Dullstroom se werkstuk het te doen met die 'praktiese ervaring' (p i) van armoede. Ongelukkig het ons hier te doen met retoriek eerder as met wetenskap. Hoewel 'n mens werklik deernis het met die omstandighede wat Bruwer skets en ook begrip het vir die hartstog en innigheid waarmee hy as predikant agitator vir die opheffing van armes, vind ek die stereotiperende, moraliserende en voorskriftelike strekking van die stuk uiters hinderlik. Om aan (blanke, middelklas) Christene voor te skryf wat hul 'taak', 'roeping' en 'bydrae' in post-apartheid Republiek van Suid-Afrika is of behoort te wees, grens aan dieselfde soort meerderwaardigheid waarvan Bruwer hierdie mense in 'bevoorregte posisies' (p 20) vanweë hulle '... viesheid vir mense, arm swart mense ...' (p 19) beskuldig. Die burgerlike en ekonomiese diversiteit in eietydse RSA laat sulke stereotipes eenvoudig nie meer toe nie: hier is ook hoë-middelklas swart mense en uiters arm blankes.

Boekbesprekings / Book Reviews

- * Prof S W Vorster van die Departement Metallurgiese Ingenieurswese lewer 'n uitstekende bydrae in sy werkstuk getitel *Volhoubare tegnologie en ontwikkeling*. Hy toon bepaald 'n sensitiviteit vir die filosofiese geladenheid van die vooruitgangsvraag en vir die implikasies daarvan vir die beheersing van die innerlike natuur en onderwerping van die uitwendige natuur. Hy koppel tegnologiesering aan tydsverstaan en burgerlike normering of waardevervorming en doen baie moeite om aan te toon wat die limiete daarvan vir kultuur en natuur is. Die ambivalente karakter van tegnologiese vooruitgang, in die sin dat dit 'n dialektiek van tegniese progressie en morele regressie verteenwoordig, word raakgesien en argumentatief verdiskonteer.

- * Ook die bydrae van Prof A J H Pieterse van die Departement Plant- en Bodemwetenskappe kan as 'n buitengewoon goeie werkstuk beskou word. 'n Mens wil graag vertrou dat hierdie werkstuk formeel elders gepubliseer sal word: hierdie werkstuk getuig van 'n fyn analitiese oog, goeie inter-dissiplinêre vaardighede en verdien om wyd gelees te word. Pieterse is ook die enigste van die vier medewerkers by wie daar werklik sprake is van 'n kritiese sinisme jens die tegnologie, waarskynlik omdat sy dissipline juis te doen het met die fladderende pogings tot opruiming van die eidelose fisiese verval waartoe tegnologie ons bring. Hy wys uit hoe die spanwydte van die ekologie deur tegnologiesering geraak word en ook hoe verskeie eko-ideologieë, ekonomieë en toekomsverwagtinge daardeur geraak word. Pieterse se werkstuk alleen regverdig die opneem van studiestuk 351: hierdie is goeie wetenskap in enige sin van die woord, in enige geselskap.

Koste oorwegings bring onvermydelik mee dat studiestukke soos hierdie nie aantreklik uitgegee kan word nie. Nogtans verskaf die uitstekende redigering 'n hoë mate van leesplezier: ek kon byvoorbeeld nie 'n enkele spel- of ortografiese fout vind nie. Dit is duidelik dat die redakteur en sy span met beperkte middele bogemiddelde werk wil doen.

As dit waar is dat studiestukke diskoerse in beweging wil bring of laat wentel, slaag studiestuk 351 binne die konteks van die Christelike wetenskapsleer in dié doel. Ook buitestaanders mag egter baat by die oordenking van die kwaliteit uitset wat veral Vorster en Pieterse hier lewer.
